

### HOOFSTUK 3: Riglyne vir die aankoop van vleisbeesbulle

Dr G Gaigher BVSc

Om sy bestaan te regverdig het die stoetveebedryf 'n verantwoordelikheid teenoor die land se kommersiële beesvleisprodusente. Daarom is dit belangrik dat bulle wat aan die bedryf voorsien word, werklik tot ekonomies-verwante eienskappe moet bydra. Kosmetiese tierlantyntjies, wat min of dikwels geen verband met ekonomiese beesvleisproduksie het nie, moet vermy word.

Dit is die stoetteler wat moet besluit wat in die beesvleisbedryf belangrik is en sy teelbeleid daarby moet aanpas. In sy besluitneming moet hy hom deur vakkundiges, kommersiële beesvleisprodusente en die verbruiker laat lei. Elke beesras se toekoms word deur die kommersiële beesboer bepaal en nie deur die handel van stoetdiere binne die ras nie. Terselfdertyd behoort die stoetboer se toestande en manier van boer so min as moontlik van dié van die kommersiële boer te verskil.

Die feit dat die bul die fenotipe en genotipe van die kudde bepaal (dus, hoe die kudde in die toekoms gaan lyk en presteer) word nog ligtelik oor die hoof gesien. Bulle is binne drie geslagte (12-15 jaar) vir 90% van die kudde se genetiese samestelling verantwoordelik.



RGR 99—64 'n goedgespierde bul

Die vleisbeesbedryf van vandag vereis diere wat in hul totale omgewing aangepas moet wees en in 'n wye spektrum van verskillende omgewings moet kan produseer. Diere moet op natuurlike veld kan produseer en, vir optimale produksie, moet 'n bul dus 'n ewewig met sy omgewing kan handhaaf. Daarom beteken seleksie vir aanpasbaarheid 'n uitkenning van diere wat in hul totale omgewing die beste produseer. Omdat 'n bul net vir kort tye werk en net semen produseer, is dit vir hom redelik maklik om in sy omgewing aan te pas en te gedy.

'n Beter maatstaf van aanpasbaarheid word in die koeikudde se reproduksievermoë gevind. Prakties beteken dit dat 'n mens bulle moet selekteer uit moeders wat elke jaar kalf en swaar kalwers speen. Sulke koeie is beslis goed in hul omgewing aangepas. Hoe jonger die koei boonop in produksie kom, hoe beter is dit, mits dit nie veroorsaak dat sy daarna oorlaan nie. Ouer koeie met 'n lang produktiewe lewe is ook goed aangepas en bulle uit sulke koeie behoort verkies te word bo bulle uit junior koeie wat nog nie hul vermoë getoon het nie. Vermy, waar moontlik, bulle wie se moeders oorgeslaan het of wat selfs hul kalwers om een of ander rede voor speentyd verloor het, maak nie saak watter redes die eienaar daarvoor mag gee nie.

Onthou dat die bul ook die moedereienskappe van die toekomstige koeikudde dra en nie net die groei-eienskappe nie. Die belangrikheid van die bul se ma kan nie oorbeklemtoon word nie. Waar moontlik behoort ook na die bul se halvesusters gekyk te word, veral wat betref uierontwikkeling en vroulike voorkoms.

Algemene beginsels by die aankoop van vleisbeesbulle:

- Probeer bulle koop uit 'n omgewing wat die naaste met die omstandighede op u eie plaas ooreenstem.
- Koop bulle uit kuddes wat beter is as u eie. Gaan kyk na die hele kudde en nie net na voorbeelde op veilings en skoue nie. Spandeer tyd op die verkoper se plaas om al sy diere te sien — onthou dit is beslis die moeite werd om 'n hele dag of selfs dae te spandeer aan die keuse van 'n bul wat vir jare 'n invloed op u kudde gaan hê.
- Koop net bulle uit kuddes wat volledige en betroubare rekords het. Geloofwaardigheid is absoluut noodsaaklik. Wees versigtig vir 'n teler wat nie al sy rekords of beeste wil wys nie, aangesien hy gewoonlik iets het om weg te steek.
- Wees objektief in die gebruik van prestasietoetsrekords. Onthou, prestasietoetsing is 'n belangrike hulpmiddel met die seleksie van bulle, maar dit moet in balans met al die ander eienskappe gehou word. Gewoonlik het net die boonste 5-10% van enige kudde se bulle die vermoë om hul nageslag vinnig te verbeter.
- Maak gebruik van BLUP-teelwaardes (best linear unbiased prediction) met die uitsoek van 'n bul. Hierdie moderne hulpmiddel is reeds in die meeste rasse beskikbaar en moet tans as die belangrikste hulpmiddel beskou word in die seleksie van bulle. Onthou, deur teelwaardes in die seleksie van bulle te gebruik, kan u baie gouer leemtes in u eie kudde regstel. Indien u nie die gebruik van teelwaardes ken of verstaan nie, is dit u plig om op hoogte daarvan te kom, anders gaan u beslis agterraak teenoor u medebeesboere. Die LNR en verskeie telersverenigings bied gereeld kursusse aan oor die gebruik van teelwaardes.
- Nadat 'n bul in 'n kudde gebruik is, moet sy nageslag so gou moontlik objektief geëvalueer word. Raak ontslae van 'n bul wat nie aan die verwagtinge voldoen nie en moet hom nie aanhou gebruik omdat u baie vir die bul betaal het nie.
- Koop strategies. Probeer die swak punte in u eie kudde regstel deur bulle te kies wat positief vir daardie eienskappe is.

- Goeie pigmentasie in 'n Bonsmarabul.
- Die perfekte bul is nog nie geteel nie. Daar is ook nie superbulle nie — net beter of swakker bulle. Vir funksionele doeltreffendheid word eers na die bul in geheel gekyk om 'n algemene indruk te kry; hy moet dus soos 'n bul lyk. Hy moet manlik vertoon — dit is 'n eienskap wat sterk in die kleurverskille van sy haarbedekking vertoon word. Hy behoort donkerder oor die nek, bo-skenkel en dye te vertoon, soos die bul hier onder. Bepiering wat die indruk van 'n ronde spiervorm wek, is ook 'n teken van manlikheid. Ponietipes is egter vinnig geslagsryp en vertoon dus ook baie manlikheid. Hulle moet vermy word; so ook bulle wat plat en osserig vertoon. Die bul moet wakker wees en belangstel in wat om hom aangaan. Voorts moet die bul 'n goeie balans met goeie kapasiteit en sprong van rib toon. Sy stand en gang moet goed wees. Regop hakke, X-bene, swak kootgewigte wat deursak, abnormale klougroei en enigiets wat sy beweging benadeel, is ongewens. Vir die warmer dele van die land moet daar ook gelet word op 'n gladde haarbedekking, goeie pigmentasie en 'n beweeglike vel. 'n Sterk, breë bek is ook belangrik.



Goeie pigmentasie in 'n Bonsmarabul

- Bestee die wintertyd om stoetkuddes te besoek en deeglik te bestudeer voordat bulle finaal uitgesoek word. Onthou, die regte bul is nooit te duur nie. As riglyn is die prys van 'n goeie bul gelykstaande aan die prys van vyf kommersiële koeie.
- Ten spyte van al die bogenoemde is dit tog uiters belangrik dat die bul van u keuse vir u aantreklik moet wees.